Noord-Gauteng Stoei
Gauteng North Wrestling

Voorsitters NGS Klubs

Tel: 012 653 1979
Sel: 083 45 34 347
Faks: 012 653 3647
marga@lantic.net
http://www.gnwrestling.co.za

30 November 2011

"LONG TERM PARTICIPATION DEVELOPMENT (LTPD)" – BEPLANNING

Die afgelope naweek het die SASF tydens 'n Spesiale Algemene bestuurs vergadering die strategie vir LTPD soos goedgekeur deur die SASCOC voorgehou. Die strategie sluit die motivering, beginsels en hoë vlak verwagtinge vir implementering in. Die verwagtinge vir implementering raak alle strukture tot by klub vlak, met aksies wat reeds tydens 2012 geïmplementeer moet word. Die Algemene bestuur het 'n besluit aanvaar waarvolgens elke Vereniging voor die einde van 2011 reeds 'n implementerings-plan vir 2012 moet indien, vir goedkeuring deur die SASF Uitvoerende bestuur. Dit vereis dringende insette van klubs, ten einde die NGS UB in staat te stel om 'n plan te konsolideer en in te dien. Die intensie is om die plan op hoë vlak te hou vir detail onwikkeling tydens die aanvang van 2012.

LTPD is 'n program wat deur SASCOC op alle sport kodes van toepassing is en ten doel het om afrigting en deelname aan sport volgens 'n internasionaal beproefde program te rig, ooreenkomstig met die psigiese, kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die die kind. Dit vereis dat sport aanbieding gerig word ooreenkomstig met vereistes vir elke ouderdoms groep. Die agtergrond en inhoud van die SASF strategie is ingesluit in 'n dokument hierby aangeheg – "Wrestling a Sport for Life – A long term Participant Development Guide – 22 November 2011.

Die beginsels wat voorgestel word, skep geleenthede vir aanpassings aan die sport tot voordeel van deelnemers. Verskeie van hierdie aanpassings is aspekte waaroor daar reeds lank gedebateer word, soos die formaat van stoei toernooie. NGS het reeds tydens die 2011 halfjaar beraad die implementering van LTPD as strategiese doelwit vir 2012 aanvaar. Om suksesvol te wees met die ontwikkeling en implementering van aksies sal NGS bestuur en klubs gekoördineerd moet saam werk en verseker en dat risiko's bestuur word. Dit is ook uiters noodsaaklik dat daar 'n enkel boodskap na alle deelnemers en ouers gekommunikeer word. Die NGS Uitvoerende bestuur het met die doel die ontwikkeling van 'n kommunikasie strategie as hoë prioriteit gestel en meer inligting sal in Januarie 2012 in die verband beskikbaar wees. Die NGS kalender vir 2012 maak voorsienning vir spesifieke aksies tydens die jaar om die ontwikkeling en implementering van LTPD aksies te fasiliteer met 'n doelwit om teen die einde van 2012 te voldoen aan die strategie soos deur SASCOC en die SASF bepaal. Van die NGS toernooie op die 2012 kalender is geïdentifiseer om konsepte te toets. Opleiding van Amptenare sal ook 'n hoë prioriteit wees.

Sienende dat LTPD op alle vlakke van toepassing is, is dit aangewese dat die NGS beplanning vir 2012 die beplanning van Klubs moet insluit. U word dus versoek om dringend insette te gee vir die onwikkeling van die NGS LTPD plan vir 2012. Enige gesprekke of insette moet teen 9 Desember gefinaliseer word vir die indiening by die SASF. Stuur asb enige insette na Marga Odendaal.

Vir u eie belanning oorweeg die volgende:

NGS se beplanning maak voorsienning vir –

- ’n Inligting sessie aan klub besture tydens die Voorsitters vergadering op 18 Januarie 2012. (Vier bestuurslede per klub).
- ‘n Deelnemers inligting sessie op 27 Januarie 2012. Oop vir alle deelnemers en ouers.
- Beplannings datum vir oorweging van alternatiewe aanbiedings opsies met die spesifieke fokus op “die beginsels van Fees stoei” is ingesluit in die 2012 kalender.
    - Verkorte tyd spandering by toernooie
    - Alternatiewe wedstryd reëls
    - Inweeg opsies
    - Ouderdom spesifieke erkennings fokus
- Drie toernooie waartydens alternatiewe aanbiedings opsies getoets gaan word. (Reeds op 2012 kalender).
- Finalisering van ‘n 2013 strategie en beplanning tydens die half jaar beraad in Augustus 2012

U beplanning behoort die volgende te oorweeg –

- Kommunikasie met klub lede. NGS en SASF kan u hiermee bystaan volgens u eie reëlings.
- Opleiding en werk sessies van ampsdraers om die beginsels te verstaan en te kan implementeer
- Kalender beplanning
- Implementering van ‘n Afritings kirikulum in lyn met “LTPD”
- Beplanning van klub toernooie om voorsienning te maak vir alternatiewe aanbieding gegrond op die beginsels van LTPD. Daar word van klub verwag om aspekte van “LTPD” soos in die SASF Dokument tydens 2012 te implementer.
- Spesifieke doelwitte vir 2012 vir LTPD

Stuur asb so spoedig moontlik insette voordat almal afskaal vir ‘n welverdiende blaaskans.

Groete

Danie Odendaal